

## SAAMPRAATPAPIER

“Voetvlak-Kommunikasie”

20 November 2011

**“Soos die Vader My gestuur het, so stuur ek julle ook.”**

Hierdie is, in kort, die formulering van alle Christene se opdrag. Dit is hierdie opdrag wat ook aan ons 'n sekere identiteit gee. Ons *is* apostels (of dan *gestuurdes*) in Jesus se naam. Ons **doen** nie net apostel werk nie. Dit beteken dat ons nie kan stilstaan nie. Ons kan nie stagneer nie. Ons moet die hele tyd beweeg. *Waarheen* beweeg ons, mag jy dalk vra. Ons beweeg na waar ook al die Heilige Gees ons lei. *Hoekom* moet ons beweeg? Wel, om baie redes. Die grootste hiervan is sekerlik omdat ons 'n “ondoofbare” boodskap van hoop het om aan 'n gebroke wêreld te *kommunikeer*. Dit is by die **hoe** vraag wat ons egter vandag wil uitkom.

As mens die Nuwe Testament lees, ontdek mens dat Jesus op verskeie wyses met mense kommunikeer. Ek reken ons kan hierdie wyses van kommunikasie opsom in twee sambreel konsepte: Die eerste hiervan is *woordvlak-kommunikasie* en die tweede is *voetvlak-kommunikasie*. Jesus was bekend daarvoor dat Hy alreeds van jonk af, groepe mense woordeliks toegesprek en geleer het. Op hierdie wyse het Hy iets van die Koninkryk van God aan Sy luisteraars gekommunikeer. Hierdie tipe kommunikasie noem ons *woordvlak-kommunikasie*. Hierdie tipe kommunikasie geskied op daaglikse basis tussen mense binne die konteks van hul huwelik, werk, sosiale ruimtes ens. Jesus kommunikeer egter ook op 'n ander, baie besondere, wyse iets oor die andersheid en liefdevolle Koninkryk van God. Kyk bietjie na die volgende tekste en gesels sommer net lekker saam oor die wyse waarop Jesus in hierdie gedeeltes kommunikeer. Kyk ook by sekere tekste hoe mense met Jesus kommunikeer. Gesels dan ook oor die vrae wat daarop volg.

**Mat 8:14, 9:20, 15:30, 20:34, 28:9, Mar 1:41, Luk 7:38, 9:5.**

1. Waaraan herken die dissipels Hom in Luk. 24:39?
2. Wat sê dit van Jesus se manier van kommunikeer?
3. Het jy al ontdek watter ongelooflike waarde *voetvlak-kommunikasie* inhou?
4. Wat is die uitdagings rakende *voetvlak-kommunikasie* vir jou? Deel dit met die ander.
5. Wat, in jou mening, behoort die verhouding tussen *woord- en voetvlak-kommunikasie* te wees?
6. Kan jy aan nog voorbeelde dink waar daar in die Bybel op *voetvlak* gekommunikeer word?
7. Dink aan praktiese voorbeelde waarin jy en jou groep in die **Moot** op *voetvlak* die goeie nuus van die hoop wat daar in Christus is, kan kommunikeer.

Indien daar nog baie tyd vir gesels is: Wat maak Paulus van *voetvlak-kommunikasie*.

Ns.: Onthou, ons probeer nie sê dat woordverkondiging en evangelisasie d.m.v. ons woorde oneffektief of onnodig is nie. Ons probeer net sê dat dit nie altyd die enigste wyse van kommunikasie is nie.

*Mag jy beleef hoe dit voel om by die voete van Jesus te sit. En mag jy ook beleef hoe dit voel om by die voete van 'n vuil, stukkende mensie te sit.*